

'N AANGEPASTE BOERDERYSTELSEL VIR SUIDELIKE SWA

C. J. VISSER

ADMINISTRASIE VIR BLANKES, VOORLIGTINGSKANTOOR
Posbus 454, Keetmanshoop 9000



Dr. C. J. Visser,
Hooflandbouvoorligter:
Suidelike Substreek.

Suidwes-Afrika is primêr 'n landbouland en die voortbestaan van ruim 70 persent van die bevolking is direk en indirek daarvan afhanklik. Meer spesifiek is die landbou oorweënd pastoraal en ekstensiewe veeboerdery is dus die lewensaar van die inwoners.

Vanweë fisiografiese faktore word die land in drie veeboerderystreke verdeel, te wete:

- 1) Die noordelike gebied (min of meer Noord van die 22ste breedtegraad) waar hoofsaaklik en uitsluitlik met beeste geboer word.
- 2) Die sentrale gebied (tussen die 22ste en die 24ste breedtegraad) waar afhangend van spesifieke omstandighede met beeste sowel as kleinvee geboer word.
- 3) Die suidelike gebied (min of meer alles suid van die Steenbok-keerkring) wat hoofsaaklik en feitlik uitsluitlik 'n kleinvee-boerderygebied is.

Die vernaamste natuurlike kontroles wat die boerderypatroon in die Suide dikteer is die lae en wisselvallige reënval en skraps en yl plantegroei.

Volgens die reënval-isohiëtkaart vir Suidwes-Afrika (Huyser, 1982) word die boerderygebied van die suide van Suidwes omsluit deur die 250 mm isohiëtlyn in die noordooste en die 50 mm isohiëtlyn in die suidweste. Vanweë die lae reënval is dit erg wisselvallig. Indien 'n reënval van minder as 70 persent van die gemiddelde as maatstaf vir 'n langtermyn droogte geneem word, blyk dit dat Suidwes-Afrika oor die afgelope 28 jaar vir helfte van die tydperk ernstige droogtetoestande ondervind het (Administrasie vir Blankes, 1981).

Wat plantegroei betref, word in breë trekke drie veldtipes in die Suide onderskei (Giess, 1971). Die noord-oostelike en oostelike gedeelte word beskryf as Gemengde Boom- en Struiksavanna (Suidelike Kalahari). Die belangrikste bome en struik is *Acacia erioloba*, *A. haematoxylon*, *Boscia albitrunca*, *B. foetida* en *Grewia spp.* In onversteurde veld is die grasse meestal meerjarige soos *Asthenatherum glaucum*, *Stipagrostis uniplumis*, *S. ciliata*, *Eragrostis lehmanniana*, *Anthepera argentea* en op die kruine van die duine *Stipagrostis amabilis*. In versteurde veld oorheers *Schmidtia kalahariensis* terwyl indringing van driedoring (*Rhigozum trichotomum*) in dele onrusbarend is.

Die sentrale gedeelte van die suide word deur Giess (1971) beskryf as Dwergruiksavanna. Houtagtige plante soos *Acacia erioloba*, *A. karroo*, *Tamarix usneoides*, *Rhus lancea* en ander word langs droë rivierbeddings aangetref. Kenmerkend van die meeste dele is *Rhigozum trichotomum*, *Boscia foetida* en *B. albitrunca* bo en behalwe die kleiner karoogtige bossies soos *Pentzia spp.*, *Eriocephalus spp.* en baie ander. Die belangrikste grasse is *Eragrostis nindensis*, *Enneapogon brachystachyus*, *Stipagrostis uniplumis*, *S. ciliata* en *S. obtusa*.

Die westelike deel van die suide word beskryf as die Suidelike Namib en meer suidwaarts as Woestyn en Sukkulente -steppe. Dit is slegs die oostelike soom van hierdie gebied wat landboukundig van belang is. 'n Verskeidenheid klein bossies word aangetref terwyl *Stipagrostis ciliata* en *S. obtusa* die belangrikste grasse is.

Opsommend kan dus gemeld word dat die suide van SWA 'n droë, wydgestrekte eentonige landskap is. Uiterste temperatuur word veral in die somer ondervind. Plantegroei is skraps en yl en xerofities. Landboukundig word dit geassosieer met woestyn toestande. In die noord-oostelike gedeelte van die gebied is boerderyomstandighede minder onbestendig, maar dit verswak suid-weswaarts tot 'n betreklike riskante situasie.

Uit die voorgaande is dit logies en duidelik dat die natuurlike omgewingskontroles van die suide van SWA slegs 'n ekstensiewe vorm van boerdery met kleinvee kan toelaat. Weidingkundig is dit nie tot meer in staat nie en die aanpassing van 'n bestendige boerderystelsel vir die Suide moet dus binne die kleinveebedryf uitgewerk word.

Enige landboubeleid of boerderypraktyk wat die fisiese en biologiese aspekte van die natuurlike verhouding tussen die grond, die plantelewe en die dierlike lewe misken, is op die langeduur tot mislukking gedoem. Hierdie natuurwet

vorm die basis van ordentlike, bestendige en optimale landbou ontwikkeling. Drie basiese beginsels tree hieruit baie duidelik op die voorgrond:

- a) Landbouproduksie moet in harmonie met die natuurlike omgewingskontroles beoefen word.
- b) Landbouproduksie moet nie ten koste van die natuurlike landbouhulpbronne geskied nie.
- c) Landbouproduksie moet op 'n gesonde ekonomiese grondslag bedryf kan word.

Voorgenoemde beginsels impliseer dus 'n boerdery wat aangepas is by die plaaslike omgewing en wat finansiële vir die beoefenaar voordelig kan wees sonder om die hulpbronne te ooreis of uit te put.

Wanneer 'n aangepaste boerderystelsel vir die Suide dus teen voorgenoemde agtergrond beredeneer word, moet sekere kernvrae beantwoord word, te wete:

- 1) Wat dikteer die omgewing?
- 2) Wat dikteer die natuurlike hulpbronne? en
- 3) Wat dikteer die ekonomie?

1. DIE OMGEWING

Hierdie vraag is reeds ten dele beantwoord. Die fisiese beskrywing van die Suide onderskraag die natuurlike streeksaanpassing van 'n ekstensiewe kleinveeboerdery. Dit word weer herhaal: Weidingkundig is dit nie tot meer in staat nie.

Binne die kleinveebedryf is 'n mate van diversifikasie moontlik, maar basies bly dit by uitstek Karakoelwêreld. Boerdery in die Suide het eers bestendig begin raak nadat die Karakoelbedryf (pelsproduksie sowel as -bemarking) gevestig is. Onlangse gebeure het die Karakoelbedryf in die verleentheid gehad. Die opinie word egter uitgespreek dat as die prysinsinking en rampdroogte nie gelyktydig gekom het nie, sou die verleentheid en geroep na alternatiewe minder gewees het.

Die Karakoel het die inherente voordeel dat dit periodes van voedselkaarste beter kan oorleef as ander kleinveerasse aangesien sowat 70 persent van die oorkudde normaalweg nie elke jaar aan laktasiespanning blootgestel word nie. Die feit dat die Karakoellam op een dag ouderdom bemerkbaar is, maak dit 'n unieke ras in die kleinveewêreld. Dit is uitsluitlik om hierdie rede dat die ras aanpas en gedy in woestynomstandighede en periodes van ernstige voedselkaarste. Afhangende van die reënval en weidingsomstandighede word daar eenvoudig van jaar tot jaar 'n kleiner of groter persentasie van die lammers geslag vir pelsproduksie.

Ander kleinveerasse wat onder die ekstensiewe boerderyomstandighede van die Suide kan gedy, is vleistipes soos Dorpers en die veredelde boerbok en in 'n minder mate veselproduseerders soos Angoras en wolskape. Kategorieë word dit gestel dat hierdie tipes en rasse slegs 'n aanvullende rol tot Karakoelboerdery behoort te speel. Hierdie ondersteunende funksie kan kleiner of groter wees afhangende van spesifieke

weidingsomstandighede in subgebiede van die streek. As hoofboerdery sal enige kleinveeras anders as Karakoel die uitsondering moet wees, tensy spesifieke oorwegings binne die perke van die omgewingsfaktore die deurslag gee.

Onderkant 'n gemiddelde reënval van 150 mm per jaar is die wisselvalligheid van die reënval te groot om vanaf die veld 'n vetlam te produseer. Die persentasie frekwensie van jare met 'n reënval minder as 70 persent van die langtermyn gemiddelde is 55 persent (Venter, 1971). Aan die suide en weste kant van die 150 mm reënval isohiëtlyn ('n lyn wat min of meer ooreenstem met die hoofspoorlyn vanuit die RSA) is boere dus uitsluitlik aangewese op die produksie van pelse. Enige ander vorm van veeboerdery mag onbestendigheid in die hand werk.

2. DIE NATUURLIKE HULPBRONNE




In die inleidende paragraaf is die plantebedekking van die gebied reeds beskryf as skraap en yl. Die digtheid van die bedekking en die hoeveelheid vreetbare materiaal is egter baie sterk gekoppel aan die jare met 'n goeie reënval.

Die opmerking is reeds gemaak dat die natuurlike weiding van die Suide nie veel meer as 'n ekstensiewe vorm van kleinveeboerdery kan voed nie. Die volgende vraag is derhalwe: Wat is die potensiaal van die natuurlike veld? Anders gestel, is daar twee aspekte wat oorweeg moet word. Eerstens, wat is die voedingsbehoeftes van die onderskeie kleinveesoorte wat aangetref word?, en tweedens, tot watter mate is die natuurlike veld in staat om in hierdie behoeftes te voorsien?

Die voedingsbehoeftes van diere wissel volgens die tipe dier, die aard en gehalte van sy produksie en die fisiologiese stadium waarin dit verkeer. Globaal kan dit in vier afdelings verdeel word naamlik die behoeftes vir onderhoud van die liggaam, vir groei, vir produksie en vir reproduksie. Liggaamsonderhoud vereis by ekstensiewe veesoorte die grootste porsie van die daaglikse voedsel en geen regstreekse wins word daaruit verkry nie. Dit is slegs die oormaat van enige beskikbare voer wat die dier inneem, wat bydra tot die produksie van 'n bemerkbare produk asook reproduksie en groei by jong diere.

Die voedingsbehoeftes van die twee tipes skape wat in die Suide aangetref word, word in Figure A, B en C skematies voorgestel. Terwille van verwarrende detail word slegs aandag aan Totaal Verteerbare Voedingstowwe (TVV) geskenk. Figuur A dui die voedingsbehoeftes van 'n lam aan vanaf geboorte tot ongeveer ses maande ouderdom. Figuur B verstrekk die behoeftes van twee tipes ooie — een wat 'n lam vir vleisproduksie moet grootmaak en 'n ander waarvan die lam vir pelsproduksie geslag word. Figuur C is 'n samevatting van die behoeftes van die vleisproduksie-ooie en van haar lam.

VOEDINGBEHOEFTES VAN SKAPE



Figuur A toon dat die voedingsbehoefte van 'n lam (vir onderhoud en om te groei) oor ses maande gemiddeld ongeveer 0,54 kg TVV per dag bedra. Dit neem toe van ongeveer 0,25 kg per dag op een maand tot 0,80 kg per dag op ses maande ouderdom. Die gemiddelde oor 'n jaar is dus ongeveer 0,26 kg per dag. Volgens figuur B is die voedingsbehoefte van 'n gus ooi (by dek) ongeveer 0,76 kg TVV per dag. Die behoeftes vermeerder relatief min gedurende die eerste drie maande van dragtigheid maar styg skerp die laaste twee maande. Net voor geboorte van die lam benodig sy ongeveer 1,15 kg TVV per dag.

Tot op die stadium van geboorte van die lam is die twee tipes ooi se voedingsbehoefte dieselfde. Die pelsooi se lam word geslag en onmiddellik val haar behoeftes terug tot dié van 'n gus ooi. Die vleisproduksie-ooi begin egter melk produseer en haar voedselbehoefte styg verder. Na ongeveer 'n maand begin haar melkproduksie afneem en haar liggaamsbehoefte neem ook af. Na speen daal dit verder totdat dit weer begin styg met die volgende dragtigheid.

Voorgenoemde verskil in voedingsbehoefte kom daarop neer dat die pelsproduksie-ooi se gemiddelde voedingsbehoefte oor 'n jaar ongeveer 0,78 kg TVV per dag beloop. Die vleisproduksie-ooi se behoeftes kom te staan op 'n gemiddelde van 0,96 kg per dag. Wanneer die voedingsbehoefte van die lammerooi en die lam self saamgevoeg word, soos in Figuur C, blyk dit dat die twee saam gemiddeld 1,22 kg TVV per dag benodig.

Met inagneming van voorgenoemde verskille in voedingsbehoefte plus die aanname dat 20 persent karakoelooie lammers grootmaak en dat 'n vrugbaarheidsyfer van 120 persent by karakoelooie gehandhaaf word, beloop die voedingsbehoefte van 'n ooi in 'n karakoelkudde gemiddeld oor 'n jaar ongeveer 0,96 kg TVV per dag.

Met 'n stelsel van vleisproduksie, waar alle ooi lammers grootmaak en 20 persent oilammers vir vervanging gehou word — en aanvaar word dat die res voor of op ses maande ouderdom bemark word — kom die voedingsbehoefte van 'n ooi in 'n vleisproduksiekudde oor 'n jaar op gemiddeld 1,42 kg TVV per dag te staan.

In die praktyk beteken voorgaande verskil in voedingsbehoefte dus dat vir elke ooi in die kudde wat 'n lam moet grootmaak, die veld bykans 0,5 kg TVV (1,0 kg vreetbare materiaal) per dag addisioneel moet voorsien.

Die tweede vraag kom dus na vore: Kan die veld van die Suide dit doen?

Navorsing op Kalahari Proefplaas het getoon dat normale veld in 'n 4 ha/KVE (kleinvee-eenheid) drakrag-area gemiddeld ongeveer 200 kg hooi per jaar per hektaar produseer. Op Gellap Ost was die gemiddelde hooi-opbrengs van die veld in 'n 6 ha/KVE gebied sowat 118 kg per hektaar per jaar (Departement Landbou, 1973). Op 'n daaglikse basis beteken hierdie syfers dat die 4 ha/KVE area 2,18 kg voer per kleinvee-eenheid per dag voorsien terwyl die 6 ha/KVE drakrag area se opbrengs 2,00 kg per dier per dag is. Goeie veldhooi is

ongeveer 45 persent verteerbaar wat beteken dat die 4 ha/KVE area 0,98 kg TVV en die 6 ha/KVE area 0,90 kg TVV per kleinvee-eenheid per dag beskikbaar stel.

Indien voormelde voedingsbehoefte-syfers van die verskillende veesoorte vergelyk word met die produksie-syfers van die veld, dan blyk dit dat die natuurlike weiveld van die Suide met die aanvaarde bestokking aan die voedingsbehoefte van die karakoel kan voldoen. Die voedingsbehoefte vir vleisproduksie is egter veel hoër en met die aanvaarde bestokking, kan die veld nie voldoende voeding vir vleisproduksie voorsien nie.

Gelykwaardige veeladings met die twee tipes diere is dus biologies en veldkundig nie korrek nie. Die enigste uitweg is dus om meer hektare veld tot die beskikking van die vleisrasooi en haar lam te stel. Die relevante syfers dui op 'n 50 persent verskil. Dieselfde weidingsdruk word dus gehandhaaf indien 100 pelsproduksie-ooie met 66 vleisproduksie-ooie vervang word.

Wanneer alle aspekte rondom die potensiaal van die natuurlike hulpbronne van die Suide saamgevat word, word die gevolgtrekking gemaak dat die potensiaal nie hoog is nie en daarby sterk fluktueer ooreenkomstig reënval. Dit kan kwalik meer as ekstensiewe karakoelboerdery vir pelsproduksie onderskraag. Indien die veldagteruitgang wat noodwendig tydens die onlangse rampdroogte plaasgevind het, bygereken word, word 'n verdere gevolgtrekking gemaak, naamlik dat die tans nog aanvaarde drakrag-norme nie veldherstel en bestendiging van die boerdery sal meebring nie. Potensiaalversorging deur drakragte afwaarts aan te pas, sal vir die afsienbare toekoms 'n eerste prioriteit moet wees.

3. DIE EKONOMIE VAN BOERDERY

Een van die beginsels van optimale hulpbronbenutting is dat die prysstruktuur van die boerdery (pryse van produkte en koste van insette) sodanig moet wees, dat dit ekonomies voordelig bedryf kan word.

Die finansiële voordeligheid van enige onderneming, insluitend boerdery, word primêr bepaal deur die verskil tussen inkomste daaruit en uitgawes daaraan verbode. Hoe groter die inkomste, oftewel omset, en hoe kleiner die uitgawe relatief tot die omset, hoe groter is die wins.

Uit voorgenoemde begrip tree drie kernkomponente na vore, te wete omset (vergroting van inkomste), realisasie (besnoeiing van uitgawes) en derdens bestuur as 'n oorkoepelende koördinaat van die eerste twee. Die drie aspekte word afsonderlik kortliks bespreek.

Die omset d.w.s. bruto-inkomste uit boerdery word bepaal deur die produksiestelsel wat gevolg word en die bemerking van die produk wat daaruit spruit. Binne die veeboerderybedryfstak word 'n aangepaste boerderystelsel gekenmerk deur 'n hoë aanteelvermoë of produksietempo van die kudde gepaard met gehalte.

Wat reproduksietempo betref, is daar interessante en verreikende verskille tussen die twee hoof kleinveerasse wat in die Suide aangetref word. By die karakoel word slegs 20 persent van die aanteel grootgemaak vir

vervangingsooitjies. Bykans 80 persent van die kudde is dus vroulike diere wat kan reproduseer. By vleis rasse daarenteen, word die volle aanteel grootgemaak en in 'n gestabiliseerde vleisraskudde kan en behoort repoduserende ooie nie meer as 45 persent van die totale kudde uit te maak nie. Voeg hierby die feit dat lampersentasie van 120 persent en beter vry algemeen by karakoelkuddes aangetref word, terwyl die vleisras-ooi met die huidige benadering slegs een lam per jaar voortbring. Die oënskynlike dramatiese prysvoordeel van skaapvleis teenoor pelse word deur die groter omset ook dramaties gekanselleer.

Hoewel suksesvolle bemarking van produkte vir die veeboer krities belangrik is, het die boer as individu normaalweg min beheer oor eksakte markmeganismes. Daar word volgestaan met 'n enkele opmerking. Die bemarking van skaapvleis verg 'n ander en duurder infrastruktuur as die bemarking van pelse. Beter paaie, groter vervoermiddele en koelopbergingsfasiliteite is byvoorbeeld onontbeerlik vir die doeltreffende bemarking van vleis.

Indien die omset van veeboerdery op 'n voortreflike peil is (vanweë aangepaste diere, hoë reproduksie en vroeë bemarking), sal die winsgrens in die tweede plek deur oordeelkundige insetkoste bepaal word. Die veeboer as 'n eindverbruiker van produksiemiddele het relatief min beheer oor die koste van produksie-insette. Hy is nie in 'n posisie om dit sonder meer op iemand anders af te wentel nie; die boerdery self moet die steeds stygende kostes absorbeer. Die belangrikheid van oordeelkundige besteding op sterkte van beter beplanning en bestuur tree hier sterk op die voorgrond.

In praktyk is daar heelwat aspekte wat die direkte bedryfskoste van die twee tipes veeboerderye (pels en vleis) verskillend raak. Slegs enkeles word aangestip.

Die getal kampe op meeste plase is nie genoegsaam vir vleisskaapboerdery nie. Ondervinding het bewys dat met vleisskape die kuddes kleiner moet wees — veral in die lamtyd moet kuddes nie groter as 100 ooie wees nie.

Kleiner kuddes beteken meer troppe; meer troppe vereis meer kampe en waters vir afwisselende beweiding. Die kapitaalbelegging per produksie-eenheid word hoër. Karakoelkuddes van 300 tot selfs 500 is algemeen en lewer min probleme.

Die tropgebondenheid van Karakoel is beslis 'n faktor wat besparend op direkte lopende bedryfskoste kan wees. Die versameling van 'n Karakoelkudde is eenvoudig en vinnig en vyf en meer kuddes kan met een rit op dieselfde dag besoek en gekontroleer word. By Dorpers wat uitmekaar wei is dit feitlik onmoontlik en meer arbeid is nodig veral by ongemaklike terrein. Juis vanweë hierdie eienskap is kontrole van veegetalle by Karakoel eenvoudig en by Dorpers baie moeilik.

Enige boer in die Suid wat bereid is om te erken, sal bevestig dat verliese weens probleemdiere heelwat meer by Dorpers as by Karakoel voorkom. Redes en verklarings hiervoor is nie moeilik nie. Bestuur is 'n faktor in dié verband, maar dit is ook 'n feit dat die vleisraslam vir sowat 180 dae aan probleemdiere

blootgestel mag wees. As die Karakoel die eerste dag die probleemdiere vryspring is hy in die bemarkingskanaal!

Wat arbeidsvereistes betref is daar nie groot verskille nie, maar die Karakoel is beslis by sekere geleenthede arbeidsintensief. Die lammers moet lief binne die eerste dag na geboorte geslag word, maar beslis nie later as die tweede dag nie. By Dorpers kan feitlik enige aktiwiteit verskuif of uitgestel word indien bestuursprobleme opduik. Hierdie vergunning word soms misbruik en sekere noodsaaklike aktiwiteite word dikwels eers uitgestel en later afgestel.

Bestuursbekwaamheid is die oorkoepelende faktor in die suksesvolle beoefening van boerdery. Die suksesvolle bestuurder beskik oor vermoë, kennis en motivering om die nodige en korrekte besluite op die regte tyd te neem en dit dan uit te voer. Binne die konteks van optimale hulpbronbenutting impliseer topbestuur die skepping van omstandighede waaronder die aangepaste vee soorte die potensiaal van die hulpbron kan verwerk tot 'n lonende inkomste.

Van die vier basiese produksiefaktore, naamlik grond, arbeid, kapitaal en bestuur word laasgenoemde uitsonder as van deurslaggewende belang. Dit is dié faktor wat die ander drie manupileer.

Ongelukkig is dit moeilik meetbaar en dikwels ook moeilik verbeterbaar. Die rede hiervoor is dat dit die resultaat is van die totale persoonsbetrokkenheid van die boer. Sy verantwoordelikheid, rasionaliteit, oordeelkundigheid en vaardigheid word in die bestuursresultaat gereflekteer.

Reeds vir dekades word gepleit, gewaarsku en gedreig dat verbeterde bestuur en verhoogde doeltreffendheid in praktiese boerdery toepassing moet vind. Hierdie twee begrippe het reeds 'n lang genoeg flirtasie met mekaar geniet; dit is nou hoog tyd dat die twee getroud moet raak — al is dit net terwille van die kinders!

Met die veeboerdery in die Suid is ondervind dat vleisrasse, ondergeskik tot Karakoelboerdery, in die sewentigerjare sterk begin posvat het. Goeie weidingsomstandighede was waarskynlik die primêre beweegrede. In die laat sewentigs het Dorpers se populariteit verdwyn toe pelspryse aansienlik gestyg het. Die prysin-sinking in die pelsbedryf in 1981 plus verpligte vermindering van veegetalle om vir droogtehelp te kwalifiseer, het Karakoelgetalle radikaal laat krimp. Vleis en ook ander kleinveesoorte moes vir die dilemma van die pelsbedryf kompenseer. Intussen het die wiel gerol en huidiglik is 'n goeie Karakoelooi die duurste aanteel-ooi in die Suid.

Voorgenoemde rondspringery huisves sekere basiese ekonomiese swakhede. Eerstens is dit verkeerd om teen die breë langtermyn landboubeleid korttermyn prystendense na te jaag. Tweedens, die oorskakeling na 'n ander bedryf kos geld. Die prysverskil tussen die populêre en die onpopulêre ooi is sowat R20,00. 'n Kapitaalverlies van aansienlike omvang is gewoonlik 'n kenmerk van hierdie tipe verandering. Derdens word beweer dat verandering van boerdery nie die antwoord

is vir leemtes in boerderybestuur nie. 'n Swak besluitnemer bly 'n swak veeboer ongeag die ras waarmee hy boer.

SAMEVATTING:

1. SWA is primêr 'n landbouland. Die welvaart en welsyn van landbou raak die meerderheid van die bevolking.
2. Die Suide is 'n ariede gebied met lae en wisselvallige reënval. Fisiografies is dit slegs geskik vir ekstensiewe kleinveeboerdery.
3. Die ontwerp van 'n aangepaste boerderystelsel moet dus binne die kleinveebedryf uitgewerk word.
4. Die natuurlike kontroles van die Suide dikteer 'n kleinveesoort wat tydens periodes van voedselskaarste nog kan oorleef en selfs produseer. Die Karakoel wat nie elke jaar aan laktasiespanning onderhewig is nie omdat die lammers vir pelsproduksie geslag word, blyk die beste aangepas te wees.
5. Die natuurlike hulpbronne se potensiaal is nie hoog nie. Tydens normale jare kan dit met die aanvaarde norme van bestokking net in die voedingsbehoefte van pelsproduserende diere voorsien. Dit kan egter nie die hoër voedingsvereistes vir vleisproduksie bevredig nie. Tensy groot afwaartse aanpassings in dravermoë gemaak word, sal selfs pelsproduksie maar veral vleisproduksie die reeds gekwete hulpbronne permanent skaad.
6. Optimale hulpbronbenutting beteken nie slegs 'n aangepaste boerderystelsel wat binne die vermoë van die hulpbronne bedryf word nie; dit laat ook ruimte vir 'n lewensvatbare bestaan vir die boefenaar.
7. Finansiële sukses in boerdery word primêr bepaal deur 'n hoë inkomste en oordeelkundige besparing op uitgawes. Die hoekstene van hoë inkomste is aangepaste diere van goeie gehalte wat 'n hoë reproduksie-tempo handhaaf.
8. Daar is aanduidings dat onder toestande van beperkte voeding die Karakoel beter as vleisrasse instaat is om 'n hoë reproduksie-tempo te handhaaf.

9. Daar is aanduidings dat die direkte bedryfskoste van vleisskaapboerdery hoër is as in die geval van pelsproduksie. Fisiese fasiliteite, tropgebondenheid en probleemdierversliese speel hierin 'n belangrike rol. Die totale infrastruktuur vir die bemarking van vleis is ook duurder as dié vir pelsbemarking.
10. Periodes van voor- en teenspoed wat produksiepryse betref, is 'n basiese kenmerk van enige landboubedryfsvertakking. Verandering van boerderystelsel om korttermyn prysstygings na te jaag is nie biologies en ekonomies verantwoordbaar nie. Natuurlike omstandighede en die potensiaal van die hulpbronne dikteer die boerderystelsel. Oordeelkundige bestuur is die boer se beste wapen om hierby aan te pas.
11. Bestuursbekwaamheid is die oorkoepelende faktor in die suksesvolle beoefening van 'n aangepaste boerderystelsel. Ongelukkig is dit ook dié faktor waarin die meeste leemtes aangetref word. Bestendiging van die ekstensiewe kleinveeboerdery in die Suide sal grootliks van die verbetering van hierdie menslike kwaliteit afhang.

VERWYSINGS:

1. Administrasie vir Blankes, 1981. Droogtehelpskema vir Blanke boere in Suidwes-Afrika.
2. Bonsma, F. N. en Joubert, D. M., 1957. Faktore wat die Streeksaanpassing van veeproduksie in Suidwes-Afrika beïnvloed. Wetenskaplike pamflet Nr. 380. Dept. van Landbou.
3. Departement van Landbou, 1973. Jaarverslag van die Departement van Landbou, 1972/73.
4. Giess, W., 1971. 'n Voorlopige plantegroeikaart van Suidwes-Afrika. *Dinteria 4*. SWA Wetenskaplike Vereniging.
5. Huyser, D. J., 1982. Chemiese kwaliteit van die grondwater in Suidwes-Afrika/Namibië (met spesiale verwysing na die benuttingswaarde van die water). Kontrakverslag C WAT 50, Volume 1. Vertroulike verslag. Nasionale Instituut vir Watervorsing. WNNR.
6. Visser C. J., 1974. Die inskakeling van vleisskaapboerdery in die suide van S.W.A. *Boerdery Belange* 4.3. Voorligtingskantoor, Keetmanshoop.